South African Wood Preservers Association

Nuusbrief 246

Februarie 2025

SAWPA STREEKVERGADERINGS MAART 2025

Neem kennis van die datums en tye vir die 1ste ronde SAWPA streekvergaderings vir die jaar. Die streekvergaderings is 'n platform waar terugvoer en besprekings plaasvind oor aangeleenthede wat op die houtverduursamingsbedryf van toepassing is, en lede word aangemoedig om die vergaderings by te woon.

Streekvergaderingskedule – Maart 2025

Mpumalanga	Maandag, 3 Maart @ 10:00	Badplaas
Weskaap	Woensdag, 5 Maart @ **9:00**	King Mowbray Gholfklub
KZN	Vrydag, 7 Maart @ **09:00**	Victoria Buiteklub
Limpopo	Maandag, 10 Maart @ 10:00	Pietersburg Klub
Suid- en Oos-Kaap	Woensdag, 12 Maart @ **9:00**	Pine Lodge
Gauteng	Vrydag, 14 Maart @ **09:30**	SAWPA kantore

RSVP asseblief by Nellie by admin@sawpa.co.za, en op die laatste 'n week voor die vergaderdatum aangedui sodat ons die finale sitplek en ete reelings kan afhandel. Lede is welkom om besprekingspunte in te dien wat hulle graag sou wil bespreek. Indien die spesifieke bespreking voorbereiding vereis van SAWPA se kant af moet dit verkieslik so gou as moontlik deurgegee word.

NRCS HEFFING OPGAWES VIR PERIODE 2024B

U word herinner dat die datum vir indiening en betaling van NRCS heffings op produksie volumes vir periode 24B (1 Julie tot 31 Desember 2024) al teen 31 Januarie 2025 was. Die NRCS het 'n aanlyn stelsel in werking gestel op hulle webtuiste https://www.nrcs.org.za/ vir verklarings en opgawes. Indien u egter probleme ondervind met die stelsel kan u steeds gebruik maak van die ou stelsel deur opgawes in te dien per e-pos. Die opgawevorm kan aangevra word by Lubabalo.Ngamntwini@nrcs.org.za, of u kan gebruik maak van die generiese vorm 24B wat op SAWPA se webtuiste beskikbaar is by https://sawpa.co.za/industry-information/ en net gaan op die webblad waar die NRCS inligting is.

AANSOEK VIR REGISTRASIE AS PLAAGBEHEEROPERATEUR

Ten tye van die opstel van die nuusbrief is slegs 40% van lede se aansoeke ingedien deur SAWPA by die Departement Landbou. Dit is moontlik dat sommige lede hul aansoeke direk aan die departement gestuur het en ons vertrou dat die aansoeke en ondersteunende dokumente volledig en korrek is, soos verlede jaar aan lede deurgegee. Ons is bewus dat verskeie SAWPA-lede besig is om hul aansoeke voor te berei en binnekort sal deurstuur na SAWPA vir indiening. Die lede wat nog nie met die proses begin het nie, of dalk nog nie aan SAWPA aangedui het dat hulle reeds in proses is nie, word versoek om onmiddellik met die

proses te begin en ons op hoogte te hou. Indien u enige probleme ondervind met die invul van die vorms of insamel van ondersteunende dokumente, kan u ons kontak om hulp te verleen.

Dit is belangrik dat die aansoekvorm (die geredigeerde weergawe vir houtverduursaming) wat ingedien word die oorspronklik ingevulde een is waarvan die ingeslote verklaring in die teenwoordigheid van ’n Kommissaris van Ede geteken is, en gesertifiseerde kopieë van die dokumente hieronder gelys, i.e. nie fotostate daarvan nie.

- ID dokument van bestuursverteenwoordiger wat vorm ingevul het,
- Geldige sertifiserings permit/te deur u aangestelde sertifiseringsliggaam uitgereik.
- Bladsy 1 van die skedule/s van permit/te wat maatskappy inligting aandui, SANS spesifikasie/s, houtverduursamingsmiddel/s, H-klasse, en prosesse waarvoor aanleg gesertifiseer is, en
- Die NRCS “Letter of Authority” (LOA) wat die inligting bevat soos op u sertifiserings permit/te en skedules.

Daarmee saam moet die bewys van betaling van die aansoekfooi ook ingedien word. Skandeer al die dokumente en e-pos dit dan aan SAWPA vir verifiëring alvorens die oorspronklike dokumente versend word na ons vir indiening namens u by die departement.

INTERNASIONALE AKADEMIESE PRESTASIE

Brendan Marais het onlangs sy doktorale tesis suksesvol verdedig by die Universiteit van Göttingen. Brendan se tesis was onder supervisie van Prof. Dr. Christian Brischke en Prof. Dr. Holger Militz en getiteld "Modelling in-ground wood decay towards definition of the role of biotic and abiotic factors in wood durability”. SAWPA wens graag vir Dr Brendan Marais baie geluk met die besondere prestasie. Ons het voorheen oor Brendan gerapporteer toe hy die ontvanger was van ’n “Ron Cockroft Award“ en by IRG53 in 2022 in Slovenia oor sy navorsing aangebied het. Brendon soos julle kan aflei is van Suid Afrika en het sy BSc and MSc grade by Stellenbosch Universiteit behaal, voordat hy sy verdere PhD studies in Duitsland voortgesit het.



JAARLIKSE IRG-WP VERGADERING

Die IRG56 vergadering van die “International Research Group on Wood Protection” vind plaas vanaf 22 tot 26 Junie 2025 by die Pacifico Yokohama Konvensie Sentrum in Yokohama, Japan. Lede wat belangstel om meer te wete te kom oor die beplande vergadering kan die amptelike IG56 webtuiste besoek by https://www.irg-wp.com/IRG56/

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak word nie.